

AFRIKAANS



WISE
UPON
TAX

SARS
At Your Service

Hierdie belastinggids verskaf 'n oorsig van die belangrikste inligting ten opsigte van belasting, regte en heffings vir 2018/19.

INKOMSTEBELASTING: INDIVIDUE EN TRUSTS

Belastingkoerse vir die tydperk 1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019

Individue en spesiale trusts

| Belasbare Inkomste (R) | Belastingkoers (R) |
|------------------------|---|
| 0 – 195 850 | 18% van belasbare inkomste |
| 195 851 – 305 850 | 35 253 + 26% van belasbare inkomste bo 195 850 |
| 305 851 – 423 300 | 63 853 + 31% van belasbare inkomste bo 305 850 |
| 423 301 – 555 600 | 100 263 + 36% van belasbare inkomste bo 423 300 |
| 555 601 – 708 310 | 147 891 + 39% van belasbare inkomste bo 555 600 |
| 708 311 – 1 500 000 | 207 448 + 41% van belasbare inkomste bo 708 310 |
| 1 500 001 en hoër | 532 041 + 45% van belasbare inkomste bo 1 500 000 |

Trusts, buiten spesiale trusts: belastingkoers 45%

Kortings

Primêre R14 067

Sekondêre (personne 65 en ouer) R7 713

Tersiêre (personne 75 en ouer) R2 574

Ouderdom Belastingdrumpel

Onder die ouderdom van 65 R78 150

Ouderdom 65 tot onder 75 R121 000

Ouderdom 75 en ouer R135 300

Voorlopige belasting

'n Voorlopige belastingpligtige is enige persoon wat inkomste by wyse van besoldiging van 'n ongeregistreerde werkgewer ontvang, of inkomste wat nie besoldiging of 'n toelaag of voorskot, betaalbaar deur die persoon se prinsipaal, is nie. 'n Individu word nie vereis om voorlopige belasting te betaal indien die individu geen sake bedryf nie en die individu se belasbare inkomste -

- sal nie die belastingdrumpel vir die belastingjaar oorskry nie; of

- uit rente, dividende, buitelandse dividende, huurinkomste uit die verhuring van vaste eiendom en besoldiging van 'n ongeregistreerde werkewer, R30 000 of minder vir die belastingjaar sal wees.

Voorlopige belastingopgawes, wat 'n geskatte totale belasbare inkomste vir die jaar van aanslag aandui, word van voorlopige belastingpligtiges vereis.

Bestorwe boedels geld nie as voorlopige belastingpligtiges nie.

Uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele

| Belasbare Inkomste (R) | Belastingkoers (R) |
|-------------------------------|---|
| 0 – 25 000 | 0% van belasbare inkomste |
| 25 001 - 660 000 | 18% van belasbare inkomste bo 25 000 |
| 660 001 - 990 000 | 114 300 + 27% van belasbare inkomste bo 660 000 |
| 990 001 en hoër | 203 400 + 36% van belasbare inkomste bo 990 000 |

Uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele bestaan uit enkelbedrae onttrek uit 'n pensioen-, pensioenbewarings-, voorsorg-, voorsorgbewarings- of uittree-annuïteitsfonds (insluitend toedeling ingevolge 'n egskeidingsbevel).

Belasting op 'n bepaalde uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordeel (enkelbedrag X) is gelyk aan -

- die belasting soos bepaal deur die toepassing van die belastingtabel tot die totaal van enkelbedrag X plus alle ander uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele toegeval vanaf Maart 2009, alle uittreefonds-enkelbedragvoordele toegeval vanaf Oktober 2007 en alle diensbeëindigingsvoordele toegeval vanaf Maart 2011; minus
- die belasting soos bepaal deur die toepassing van die belastingtabel tot die totaal van alle uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele toegeval voor enkelbedrag X vanaf Maart 2009, alle uittreefonds-enkelbedragvoordele toegeval vanaf Oktober 2007 en alle diensbeëindigingsvoordele toegeval vanaf Maart 2011.

Uittreefonds-enkelbedragvoordele of diensbeëindigingsvoordele

| Belasbare Inkomste (R) | Belastingkoers (R) |
|-------------------------------|---|
| 0 – 500 000 | 0% van belasbare inkomste |
| 500 001 - 700 000 | 18% van belasbare inkomste bo 500 000 |
| 700 001 – 1 050 000 | 36 000 + 27% van belasbare inkomste bo 700 000 |
| 1 050 001 en hoër | 130 500 + 36% van belasbare inkomste bo 1 050 000 |

Uittreefonds-enkelbedragvoordele bestaan uit enkelbedrae uit 'n pensioen-, pensioenbewarings-, voorsorg-, voorsorgbewarings- of uittree-annuïteitsfonds met afsterwe, uittrede of diensbeëindiging omdat die ouderdom van 55 jaar bereik is, siekte, ongeluk, besering, ongeskiktheid, oortolligheid of beëindiging van die werkgewer se bedryf.

Diensbeëindigingsvoordele bestaan uit enkelbedrae van of per ooreenkoms met 'n werkgewer met betrekking tot afstanddoening, beëindiging, verlies, repudiasie, kansellasie of wysiging van 'n persoon se werkplek of diens.

Belasting op 'n bepaalde uittreefonds-enkelbedragvoordeel of 'n diensbeëindigingsvoordeel (enkelbedrag- of beëindigingsvoordeel Y) is gelyk aan -

- die belasting soos bepaal deur die toepassing van die belastingtabel tot die totaal van bedrag Y plus alle ander uittreefonds-enkelbedragvoordele toegeval vanaf Oktober 2007 en alle uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele toegeval vanaf Maart 2009 en alle ander diensbeëindigingsvoordele toegeval vanaf Maart 2011; minus
- die belasting soos bepaal deur die toepassing van die belastingtabel tot die totaal van alle uittreefonds-enkelbedragvoordele toegeval voor enkelbedrag Y vanaf Oktober 2007 en alle uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele toegeval vanaf Maart 2009 en alle diensbeëindigingsvoordele toegeval voor diensbeëindigingsvoordeel Y vanaf Maart 2011.

Dividende

Dividende deur individue van Suid-Afrikaanse maatskappye ontvang, is oor die algemeen vrygestel van inkomstebelasting, maar dividende belasting teen 'n koers van 20% word teruggehou deur die entiteite wat die dividende aan die individue betaal. Dividende ontvang deur Suid-Afrikaans-inwonende individue uit REITs (gelysde en gereguleerde eiendomsbesittende maatskappye) is onderhewig aan inkomstebelasting, en nie-inwoners, in ontvangs van daardie dividende, is slegs onderhewig aan dividende belasting.

Buitelandse dividende

Meeste buitelandse dividende deur individue ontvang van buitelandse maatskappye (met aandele van minder as 10% in die buitelandse maatskappy) is belasbaar teen 'n maksimum effektiewe koers van 20%. Geen aftrekkings is toelaatbaar vir uitgawes in die produsering van buitelandse dividende nie.

Rente vrystellings

- Rente van 'n Suid-Afrikaanse bron, toegeval aan enige natuurlike persoon onder die ouderdom van 65 jaar, tot en met R23 800 per jaar, en persone 65 jaar en ouer, tot en met R34 500 per jaar, is vrygestel van belasting.
- Rente is vrygestel waar toegeval aan nie-inwoners wat fisies afwesig is uit Suid-Afrika vir

minstens 181 dae gedurende die 12-maandetydperk voor die rente toeval en die skuld waarvan die rente afkomstig is, nie effektiewelik verbind is tot 'n vaste plek van besigheid in Suid-Afrika nie.

Aftrekkings

Uittreefondsbydraes

Bedrae bygedra tot pensioen-, voorsorg- en uittree-annuïteitsfondse gedurende die jaar van aanslag, is aftrekbaar deur lede van daardie fondse. Bedrae bygedra deur werkgewers en as byvoordele belas, word as bydraes deur die individuele werknemer hanteer. Die aftrekking is beperk tot 27.5% van die grootste besoldiging vir LBS-berekeningsdoeleindes of belasbare inkomste (beide uitsluitend uittreefonds-enkelbedrae en diensbeëindigingsvoordele). Die aftrekking is verder beperk tot die laagste van R350 000 of 27.5% van belasbare inkomste voor die insluiting van 'n belasbare kapitaalwins. Enige bydraes wat die beperkings oorskry, word oorgedra na die onmiddelike volgende jaar van aanslag en word geag as bygedra in daardie jaar van aanslag. Die bedrae oorgedra word verminder deur bydraes verreken teen uittreefonds-enkelbedrae en teen uittree-annuïteite.

Mediese en gestremdhedsuitgawes

Met die bepaling van belasting betaalbaar, mag individue die volgende aftrek -

- maandelikse bydraes tot mediese skemas ('n belastingkorting wat na verwys word as mediese skemafooie belastingkrediet) tot en met R310 elk vir die individu wat die bydraes betaal het en die eerste afhanglike op die mediese skema, en R209 vir elke bykomende afhanglike; en
- in die geval van –
 - 'n individu wat 65 en ouer is, of indien 'n individu, sy/haar eggenoot of sy/haar kind 'n persoon met 'n gestremdhed is, 33.3% van die som van die kwalifiserende mediese uitgawes, deur die individu betaal en gedra, en 'n bedrag waarby mediese skemabydraes, deur die individu betaal, drie maal die mediese skemafooie belastingkrediet vir die belastingjaar oorskry; of
 - enige ander individu, 25% van 'n bedrag gelyk aan die som van kwalifiserende mediese uitgawes, deur die individu betaal en gedra, en 'n bedrag waarby mediese skemabydraes deur die individu betaal, vier maal die mediese skemafooie belastingkrediete vir die belastingjaar oorskry, beperk tot die bedrag wat 7.5% van belasbare inkomste (uitsluitend uittreefonds-enkelbedrae en diensbeëindigingsvoordele) oorskry.

Skenkings

Aftrekkings ten opsigte van skenkings aan bepaalde openbare weltaadsorganisasies, is beperk tot

10% van belasbare inkomste (uitsluitend uittreefonds-enkelbedrae en diensbeëindigingsvoordele). Die bedrag van skenkings wat 10% van die belasbare inkomste oorskry, word as 'n skenking aan kwalifiserende openbare weldaadsorganisasies in die volgende belastingjaar hanteer.

Toelae

Bestaanstoelae en voorskotte

Waar die ontvanger genoodsaak is om, vir sakedoeleindes, minstens een nag weg van sy/haar gewone plek van woning te spandeer en die akkommodasie ten opsigte van sodanige toelaag of voorskot is binne die Republiek van Suid-Afrika en die toelaag of voorskot is toegestaan om te betaal vir—

- maaltye en bykomstige kostes, word 'n bedrag van R416 per dag geag as bestee;
- slegs bykomstige kostes, word 'n bedrag van R128 vir elke dag wat binne die tydperk val geag as bestee.

Waar die akkommodasie waarmee daardie toelaag of voorskot verband hou, buite die Republiek van Suid-Afrika is, word 'n bepaalde bedrag per land geag as bestee. Besonderhede van hierdie bedrae is gepubliseer op die SARS-webtuiste onder *Legal Counsel / Secondary Legislation / Income Tax Notices / 2018*.

Reistoelaag

Tariewe per kilometer, wat gebruik kan word in die bepaling van die toelaatbare aftrekking, vir sakereise teen 'n toelaag of voorskot waar werklike kostes nie geëis is nie, word deur die gebruik van die volgende tabel bepaal:

| Waarde van die voertuig (BTW ingesluit) (R) | Vaste koste (R p.a.) | Brandstofkoste (c/km) | Instandhoudingskoste (c/km) |
|--|-------------------------|--------------------------|--------------------------------|
| 0 - 85 000 | 28 352 | 95.7 | 34.4 |
| 85 001 - 170 000 | 50 631 | 106.8 | 43.1 |
| 170 001 - 255 000 | 72 983 | 116.0 | 47.5 |
| 255 001 - 340 000 | 92 683 | 124.8 | 51.9 |
| 340 001 - 425 000 | 112 443 | 133.5 | 60.9 |
| 425 001 - 510 000 | 133 147 | 153.2 | 71.6 |
| 510 001 - 595 000 | 153 850 | 158.4 | 88.9 |
| Meer as 595 000 | 153 850 | 158.4 | 88.9 |

Let wel:

80% van die reistoelaag moet by die werknemer se besoldiging ingesluit wees vir LBS-

berekeningsdoeleindes. Die persentasie word verminder na 20% indien die werkgewer oortuig is dat minstens 80% van die gebruik van die voertuig gedurende die belastingjaar vir sakedoeleindes sal wees.

Geen brandstofkoste mag geëis word indien die werknemer nie die volle koste van brandstof, wat in die voertuig gebruik is, gedra het nie en geen instandhoudingskoste mag geëis word indien die werknemer nie die volle instandhoudingskoste van die voertuig gedra het nie (bv. waar die voertuig deur 'n instandhoudingsplan gedek word).

Die vaste koste moet verminder word op 'n pro-rata basis indien die voertuig vir minder as 'n jaar vir sakedoeleindes gebruik is.

Die werklike afstand gereis gedurende die belastingjaar en die afstand gereis vir besigheidsdoeleindes, gestaaf deur 'n ritboek, word gebruik om die kostes wat teen 'n reistoelaag geëis mag word, te bepaal.

Alternatiewe vereenvoudigde metode:

Waar 'n toelaag of voorskot gebaseer is op die werklike afstand wat deur die werknemer vir sakedoeleindes gereis is, is geen belasting betaalbaar op 'n toelaag wat deur 'n werkgewer aan 'n werknemer betaal is nie, tot en met die koers van 361 sent per kilometer, ongeag die waarde van die voertuig. Hierdie alternatief is egter nie beskikbaar indien ander vergoeding, in die vorm van 'n toelaag of terugbetaling (buiten parkeer- of tolgelde), van die werkgewer ontvang word ten opsigte van die voertuig nie.

Ander aftrekkings

Buiten die aftrekkings hierbo uiteengesit, mag 'n individu slegs aftrekkings eis teen indienshoudingsinkomste of toelae in beperkte bepaalde voorvalle, bv. slegte skuld ten opsigte van salaris.

Byvoordele

Voertuie in werkgewer se besit

- Die belasbare waarde is 3.5% van die bepaalde waarde (die kontantkoste, BTW ingesluit) per maand van elke voertuig. Waar die voertuig–
 - onderwerpe is aan 'n diensplan met die aankoop van die voertuig deur die werkgewer, is die belasbare waarde 3,25% van die vasgestelde waarde; of
 - deur die werkgewer aangekoop is onder 'n bruikhuurkontrak, is die belasbare waarde die koste deur die werkgewer aangegaan onder die bruikhuurkontrak plus die brandstofkoste.
- 80% van die byvoordele moet by die werknemer se besoldiging ingesluit wees vir LBS-berekeningsdoeleindes. Die persentasie word verminder na 20% indien die werkgewer oortuig is dat minstens 80% van die gebruik van die voertuig, gedurende die belastingjaar, vir sakedoeleindes sal wees.

- Met aanslag word die byvoordeel vir die belastingjaar verminder met die verhouding van die afstand gereis vir sakedoeleindes (gestaaf deur 'n ritboek) gedeel deur die werklike afstand gereis gedurende die belastingjaar.
- Met aanslag is verdere verligting beskikbaar vir lisensie-, versekerings-, instandhoudings- en brandstofkostes vir privaatreise indien die volle koste daarvan deur die werknemer gedra is en as die afstand gereis vir privaatdoeleindes deur 'n ritboek gestaaf is.

Rentevrye- of lae-rente lenings

Die verskil tussen rente gehef teen die amptelike koers en die werklike bedrag rente gehef, moet by bruto inkomste ingesluit word.

Residensiële akkommodasie

Die waarde van die byvoordeel wat by bruto inkomste ingesluit moet word, is die laer van die voordeel bereken deur die toepassing van 'n voorgeskrewe formule, of die koste aan die werkewer, indien die werkewer nie oor volle eienaarskap van die akkommodasie beskik nie.

Die formule sal van toepassing wees indien die akkommodasie in die besit van die werknemer is, maar dit sal nie van toepassing wees op vakansie akkommodasie deur die werkewer gehuur by nie-verwante instansies nie.

INKOMSTEBELASTING: MAATSKAPPYE

Finansiële jare wat eindig op enige datum tussen 1 April 2018 en 31 Maart 2019

| Soort | Belastingkoers (R) |
|-------------|----------------------------|
| Maatskappye | 28% van belasbare inkomste |

INKOMSTEBELASTING: KLEINSAKEONDERNEMINGS

Finansiële jare wat eindig op enige datum tussen 1 April 2018 en 31 Maart 2019

| Belasbare Inkomste (R) | Belastingkoers (R) |
|------------------------|--|
| 0 – 78 150 | 0% van belasbare inkomste |
| 78 151 – 365 000 | 7% van belasbare inkomste bo 78 150 |
| 365 001 – 550 000 | 20 080 + 21% van belasbare inkomste bo 365 000 |
| 550 001 en hoër | 58 930 + 28% van belasbare inkomste bo 550 000 |

OMSETBELASTING VIR MIKRO-ONDERNEMINGS

Finansiële jare wat eindig op enige datum tussen 1 Maart 2018 en 28 Februarie 2019

| Belasbare Inkomste (R) | Belastingkoers (R) |
|------------------------|---|
| 0 – 335 000 | 0% van belasbare omset |
| 335 001 – 500 000 | 1% van belasbare omset bo 335 000 |
| 500 001 – 750 000 | 1 650 + 2% van belasbare omset bo 500 000 |
| 750 001 en hoër | 6 650 + 3% van belasbare omset bo 750 000 |

INWONERSBASIS VAN BELASTING

Inwoners word belas op hulle wêreldwye inkomste, onderhewig aan sekere uitsluitings. Die algemene beginsel is dat buitelandse belastings op buitelandse bronne van inkomste as 'n krediet, teen Suid-Afrikaanse belasting betaalbaar, toegelaat word. Dit is van toepassing op individue, maatskappye, beslote korporasies, trusts en boedels.

BELASTING OP KAPITAALWINSTE

Kapitaalwinste op die wegmaak/oormakaan van bates word ingesluit by belasbare inkomste.

Maksimum effektiewe belastingkoers:

Individue en spesiale trusts 18%

Maatskappye 22.4%

Ander trusts 36%

Aangeleenthede wat aanleiding tot wegmaking/oormaking gee, sluit 'n verkoping, skenking, ruil, verlies, afsterwe en emigrasie in. Die volgende is sommige van die bepaalde uitsluitings:

- R2 miljoen wins of verlies met die wegmaking/oormaking van 'n primêre woning
- meeste bates vir persoonlike gebruik
- uittreevoordele
- betalings ten opsigte van oorspronklike langtermyn versekeringspolisse
- jaarlikse uitsluiting van R40 000 kapitaalwins of -verlies word toegestaan aan individue en spesiale trusts
- kleinsake uitsluiting van kapitaalwins vir individue (minstens 55 jaar oud) van R1.8 miljoen wanneer 'n klein onderneming met 'n markwaarde van nie meer as R10 miljoen weggegemaak/oorgemaak word
- in plaas van die jaarlikse uitsluiting, is die uitsluiting toegestaan aan individue, R300 000 vir die jaar van afsterwe.

DIVIDENDE BELASTING

Dividende belasting is 'n finale belastingkoers van 20% op dividende betaal deur inwonersmaatskappye en deur nie-inwonersmaatskappye ten opsigte van aandele gelys op die JSE. Dividende is vrygestel van belasting indien die begunstigde eienaar van die dividend 'n Suid-Afrikaanse maatskappy, uittreefonds of ander vrygestelde persoon is. Nie-inwonende begunstigde eienaars van dividende kan voordeel trek uit verlaagde belastingkoerse in beperkte omstandighede. Die belasting moet teruggehou word deur die maatskappye wat die belasbare dividende betaal of deur gereguleerde tussengangers in die geval van dividende op gelysde aandele. Die belasting op dividende in natura (buiten as in kontant) is betaalbaar en word gedra deur die maatskappy wat die dividend verklaar en betaal.

ANDER TERUGHOUBELASTINGS

In beperkte omstandighede kan die toepaslike belastingkoers verminder word ingevolge 'n belastingverdrag met die land van inwoning van 'n nie-inwoner.

Tantième

'n Finale belasting, teen 'n koers van 15%, word gehef op die bruto bedrag tantième vanaf 'n Suid-Afrikaanse bron betaalbaar aan nie-inwoners.

Rente

'n Finale belasting teen 'n koers van 15% word gehef op rente van 'n Suid-Afrikaanse bron betaalbaar aan nie-inwoners. Rente is vrygestel indien betaalbaar deur enige sfeer van die Suid-Afrikaanse regering, 'n bank of indien die skuld gelys is op 'n erkende beurs.

Buitelandse vermaaklikheidskunstenaars en sportpersone

'n Finale belasting teen 'n koers van 15% word gehef op bruto bedrae betaalbaar aan nie-inwoners op aktiwiteite wat hulle in Suid-Afrika as vermaaklikheidskunstenaars of sportpersone beoefen.

Wegmaking/oormaking van onroerende bates

'n Voorlopige belasting word teruggehou, namens nie-inwonende verkopers van onroerende eiendom in Suid-Afrika, om verreken te word teen die normale belastingaanspreeklikheid van die nie-inwoners. Die belasting, wat van betalings aan die nie-inwoners teruggehou moet word, is teen 'n koers van 7.5% vir 'n nie-inwonende individu, 10% vir 'n nie-inwonersmaatskappy en 15% vir 'n nie-inwonerstrust wat die onroerende bate verkoop.

ANDER BELASTINGREGTE EN -HEFFINGS

Belasting op toegevoegde waarde (BTW)

BTW word gehef teen die staandaardkoers van 15% op die lewering van goedere en dienste deur geregistreerde ondernemings. Die belastingkoers was 14% tot en met 31 Maart 2018.

'n Onderneming wat belasbare leweringe van meer as R1 miljoen per jaar maak, moet vir BTW registreer. 'n Onderneming wat belasbare leweringe van meer as R50 000 maak, maar nie meer as R1 miljoen per jaar nie, mag vir vrywillige registrasie aansoek doen. Bepaalde leweransies is aan 'n nulkoers onderhewig of is van BTW vrygestel.

Hereregte

Hereregte is teen die volgende koerse betaalbaar op transaksies wat nie aan BTW onderhewig is nie

Aankoop van eiendom deur alle persone:

| Waarde van eiendom (R) | Koers |
|------------------------|--|
| 0 – 900 000 | 0% |
| 900 001 – 1 250 000 | 3% van die waarde bo R900 000 |
| 1 250 001 – 1 750 000 | R10 500 + 6% van die waarde bo R 1 250 000 |
| 1 750 001 – 2 250 000 | R40 500 + 8% van die waarde bo R 1 750 000 |
| 2 250 001 – 10 000 000 | R80 500 +11% van die waarde bo R2 250 000 |
| 10 000 001 en hoër | R933 000 + 13% van die waarde bo R10 000 000 |

Boedelbelasting

Boedelbelasting word gehef op eiendom van inwoners en Suid-Afrikaanse eiendom van nie-inwoners, minus toelaatbare aftrekkings. Die belasting word gehef op die belasbare waarde van 'n boedel teen 'n koers van 20% op die eerste R30 miljoen en teen 'n koers van 25% op boedels van meer as R30 miljoen.

'n Basiese aftrekking van R3.5 miljoen word toegelaat in die vasstelling van 'n boedel se aanspreeklikheid vir boedelbelasting asook aftrekkings vir laste, bemakings aan openbare weldaadsorganisasies en eiendom toegeval aan oorlewende eggenote.

Skenkingsbelasting

- Skenkingsbelasting word gehef, teen 'n vaste koers van 20%, op die waarde van eiendom geskenk. Maar, die bedrag van skenkings wat R30 miljoen oorskry, word belas teen 'n koers van 25%.
- Die eerste R100 000 van eiendom in elke jaar geskenk deur 'n natuurlike persoon, is vrygestel van skenkingsbelasting.
- In die geval van 'n belastingpligtige wat nie 'n natuurlike persoon is nie, is die vrygestelde skenkings beperk tot toevallige skenkings wat nie R10 000 in totaal per jaar oorskry nie.
- Beskikkings tussen eggenote en Suid-Afrikaanse groepmaatskappye en skenkings aan bepaalde openbare weldaadsorganisasies is vrygestel van skenkingsbelasting.

Effekte-oordragbelasting

Die belasting word gehef teen 'n koers van 0.25% op die oordrag van gelysde of ongelysde effekte. Effekte bestaan uit aandele in maatskappye of ledebelange in beslote korporasies.

Belasting op internasionale lugreise

R190 per passasier wat vertrek op internasionale vlugte, uitsluitend vlugte na Botswana, Lesotho, Namibië en Swaziland, in welke geval die belasting R100 is.

Vaardheidontwikkelingsheffing

'n Vaardheidontwikkelingsheffing is betaalbaar deur werkgewers teen 'n koers van 1% van die totale besoldiging aan werknemers betaal. Werkgewers wat jaarlikse besoldiging van minder as R500 000 betaal, is vrygestel van die betaling van vaardheidontwikkelingsheffings.

Werkloosheidversekeringsbydraes

Werkloosheidversekeringsbydraes is maandeliks deur werkgewers betaalbaar op die basis van 1% bydrae deur werkgewers en 1% deur werknemers, gebaseer op werknemersbesoldiging onder 'n bepaalde bedrag.

Wernemers wat nie vir LBS of VOH doeinde geregistreer is nie, moet die bydraes aan die kommissaris van die werkloosheidsversekeringsbetaal.

SARS RENTEKOESE

| Rentekoers (vanaf 1 Augustus 2017) | Koers |
|---|--------------|
| Byvoordele - rentevrye of lae-rente lenings (amptelike koers) | 7.75% p.j. |
| Rentekoers (vanaf 1 November 2017) | Koers |
| Laat of kortbetaling van belasting | 10.25% p.j. |
| Terugbetaling van oorbetaling op voorlopige belasting | 6.25% p.j. |
| Terugbetaling van belasting op suksesvolle appèl, of waar die appèl deur SARS toegegee is | 10.25% p.j. |
| Terugbetaling van BTW na voorgeskrewe tydperk of laat betaling van BTW | 10.25% p.j. |
| Doeane en Aksyns | 10.25% p.j. |

BEGROTING Hoogtepunte

Koers van Belasting op Toegevoegde Waarde styg van 14% tot 15% op 1 April 2018



Beperkte verligting vir die effek van inflasie deur die aanpassing van Persoonlike Inkomstebelastingkoerse wat sal lei tot addisionele belasting van R6.8 miljard



Minister van Finansies sal ses spesiale ekonomiese sones goedkeur vir belastingverligting

Algemene Brandstofheffing styg met 22 sent per liter en Padongelukcefondsheffing styg met 30 sent per liter op 4 April 2018



Boedelbelastingkoers styg van 20% tot 25% op die belasbare bedrag van boedels wat R30 miljoen oorskry



Skenkingsbelastingkoers styg van 20% tot 25% op skenkings van meer as R30 miljoen



Verhoogde Aksynsregte op tabak en alkohol



Verhoogde Omgewingsbelasting op plastiekssakke, gloeilampe en motoruitlaatgasse, en die nuwe gesondheidsbelasting op suikerversoetekoeldranken tree op 1 April 2018 in werking

